**Graad 4** **Afrikaans Huistaal** **Januarie 2023**

**Vraestel 1** **Afdeling A** **Hardoplees**

**Storie:** Boki se eerste dag in graad 4

1 Boki is vreeslik opgewonde. Vandag is haar eerste skooldag in graad 4. Sy kan nie wag om haar nuwe juffrou en klasmaats te ontmoet nie.

2 ‘‘Goeie môre, graad 4’s,’’ sê juffrou Vermeulen vriendelik. ‘‘Baie welkom in graad 4!’’

3 Boki voel sommer alreeds tuis in juffrou Vermeulen se klas. Sy is rêrig gaaf.

4 ‘‘My naam is Hendrik. Wat is jou naam?” vra die seun wat langs Boki sit.

5 ‘‘Boki,’’ antwoord sy. Sy het so gewens dat sy eerder langs ’n meisie kon sit. Maar wie weet, miskien word hulle nog groot vriende.

6 Juffrou Vermeulen is besig om almal se boeke uit te deel. Toe Boki al die handboeke sien, besef sy dat sy beslis nie meer in graad 3 is nie. Sy besef dat daar nie tyd vir speel en gesels in graad 4 sal wees nie. Sy sal hard moet leer om haar ouers nie teleur te stel nie. Sy wil beslis ook nie vir juffrou Vermeulen teleurstel nie.

7 Sy kyk na die voorblad van elke boek. Sy kan skaars die woorde op die voorblad uitspreek. “Julle moenie bang wees om vir my te vra om iets weer te verduidelik as julle die werk nie verstaan nie. Ek sal dit verduidelik totdat julle dit 100% verstaan. Ek word immers daarvoor betaal,” stel juffrou Vermeulen hulle gerus.

8 “Juffrou, kan ons ook hierdie jaar saam met die groot kinders speel? Hoef ons darem nie meer net met die kinders in die grondslagfase te speel nie?” vra Hendrik.

9 Juffrou Vermeulen glimlag. “Natuurlik. Julle is mos nou al mooi groot. Julle kan met die kinders in die intermediêre fase speel. Julle mag net nie met die kinders in die hoërskool speel nie. Julle het julle eie speelterrein.”

10 “Julle dogters moet ook dadelik na my toe kom as die seuns julle sou boelie. Seuns is maar baie keer geneig om die dogters verbaal te boelie. Hulle verbeel hulle mos hulle is net die *menere*. Seuns, julle moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek het julle net so lief as wat ek die dogters het.”

11 Boki besef dat sy sommer baie gelukkig in graad 4 gaan wees. Met ’n juffrou soos juffrou Vermeulen kan jy nie anders nie. Sy was verniet bang om graad 4 toe te gaan.

**Hardoplees:** Boki se eerste dag in graad 4

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **Januarie 2023** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat** |

**Kortverhaal:** Waarom is party mense tog so wreed?

1 Toe ek vandag van die skool af kom, sien ek sommer dadelik die hartseer en onsekerheid in Ma se oë. Sal ek ooit die slegte nuus wat my ma my aan tafel meegedeel het, vergeet? Woorde wat soos ’n swaard deur my hart gesny het. Dit voel vir my of my hondjie, sy nat snoetjie en sy liefde vir my uit my hart geruk is. Net ’n gat in my hart het oorgebly.

2 “My seun, ek het nie goeie nuus vir jou nie. Jou hondjie is vergiftig. Ek het sy ou lykie gister in die blombeddings gevind, terwyl ek struike geplant het. Ek het net nie die moed gehad om dit al gisteraand vir jou te vertel nie. Ek wéét mos hoe lief jy vir Spikkels was,’’ sê Ma met deernis.

3 ‘‘Wie sou hom nou wou doodmaak? Hy het mos niemand skade aangedoen nie. Hy het nog vir niemand gebyt nie. Inteendeel, hy het altyd net vir my vriende gelek as hulle kom kuier het. Elke keer ’n lek van liefde,” sê ek met oë vol trane.

4 Sal ek ooit vergeet hoe ek hom altyd in my kamer ingesmokkel het? Dan het hy saam met my in die bed geslaap. Vroeg die volgende oggend, voordat my ma my kom wakkermaak het, het ek hom dan uitgelaat.

5 Om te dink ek sal in die toekoms nie meer hondepille en ’n *bederfie* vir Spikkels kan koop nie. Ook sal ek hom nie meer kan vashou, terwyl die veearts hom sy jaarlikse inspuiting gee nie.

6 Terwyl ek sy graffie in die agterplaas grawe, swem alles voor my. Trane van hartseer en verlange vloei vrylik oor my wange. Ek gee hom ’n laaste soen op sy snoetjie voordat ek hom saggies in sy graffie neerlê. Waarom juis vir Spikkels vergiftig? Het party mense dan geen liefde vir diere nie? Slegs wrede mense wat nie ’n gewete het nie, sal so iets aanvang.

7 Al wat ek van Spikkels het, is sy graffie en wonderlike herinneringe.

**1** **Waarom sal jy sê dat die chronologie van die verhaal in paragrawe 1&2 verbreek word?** (1)

**2** **Hoe hou paragraaf 2&6 verband met mekaar?** (1)

**3** **Watter emosies het hierdie kind in paragraaf 6 ondervind?** (2)

**4** **Bespreek die ruimte in paragraaf 6.** (1)

**Praat:** Ek word geboelie / Ek moet my hondjie laat uitsit ná ’n vreeslike lyding

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en gesigsuitdrukkings: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beklemtoning, hoorbaarheid, uitspraak en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **Januarie 2023** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip** |

**1 Verhalende opstel:** Die brullende leeu

1 Saam sit ons om die kampvuur. Die vuurtjie gesels heerlik met ons. Wat is dan nou ook meer ontspanne en aangenaam as om na die vlamme wat die hoogte inskiet, te kyk. Vlamme wat die duisternis verjaag.

2 My broer sit 'n swartpot met water op die kole. Die water kook gesellig. Nadat die water gekook het, haal ek dit van die vuur af. Ons gooi die koffie wat my suster gemaak het, in ons blikbekers. Wat is dan nou lekkerder as 'n blikbeker *boeretroos*?

3 Terwyl ons gesellig om die vuur sit en spookstories vertel, sny die skielike gebrul van 'n leeu deur die aandstilte. *Groot-oog kyk ons na mekaar*. Die een banger as die ander een. Dit voel vir my of my hart twee slae mis. Soos een man storm ons op die tent af. Ons kan nie vinnig genoeg by die tent kom nie. Dit voel vir my of my bene my nie vinnig genoeg kan dra nie. Ons elkeen bewe soos 'n riet.

4 Die volgende oomblik…

**1.1 Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande skryfstuk 'n voorbeeld van 'n verhalende opstel is.** (1)

**1.2 Waarna verwys "'n blikbeker *boeretroos*"?** (1)

**1.3 Hoe hou die *inhoud* van paragraaf 3 verband met die titel?** (1)

**1.4 Watter emosie beklemtoon die beskrywing: "*Groot-oog kyk ons na mekaar*"?** (1)

**1.5 Waarom sou jy sê dat hierdie verhaal ontspannend, sowel as vreesaanjaend is? Bespreek.** (2)

**1.6 Word die chronologie van die verhaal in die bostaande verhaal verbreek? Bespreek.** (1)

**1.7 Vind hier karakterontwikkeling plaas? Bespreek.** (2)

**Totaal: 9** **/9**

**2 Dagboek:** My eerste drie dae in graad 4

***12 Januarie 2023***

1 My eerste skooldag in graad 4 was fantasties! Ek was vanoggend ’n bietjie bangerig toe ons by die groot kinders in die rye moes aantree. Gelukkig was baie van my maats reeds daar. Toe die klok lui, het juffrou Nel ons kom haal. Sy is saggeaard en altyd vriendelik. Ons het baie nuwe boeke gekry. Ek sit langs Peet. Hy praat nogal baie. Ek sou eerder langs ’n meisie wou sit, maar juffrou meen dat as die seuns langs meisies sit, ons nie so baie sal gesels nie. Die dag het verbygevlieg. Ek kan nie wag tot môre nie!

***13 Januarie 2023***

2 Ons het vandag huiswerk gekry. In graad 4 doen ons baie meer werk as in graad 3. Gelukkig is juffrou Nel baie geduldig en sy sal die werk verduidelik totdat ons dit verstaan. Ons het vandag reeds vyf wiskundesomme gekry om by die huis te gaan doen. Ek hou wel nie baie van wiskunde nie, maar vir juffrou Nel sal ek my beste lewer.

3 Ek het vandag ’n nuwe maatjie gemaak. Haar naam is Elisma. Sy kom van ’n ander provinsie. Sy was baie alleen en onseker in die nuwe skool. Juffrou het vir my gevra dat ek gedurende pouse vir haar die verskillende klaskamers en die sportterreine moet gaan wys. Ons het sommer dadelik goed oor die weg gekom, aangesien ons in dieselfde dinge belanggestel het. Ons albei het van swem en atletiek gehou. Sy was, net soos ek, versot op skaak. Ons albei het ook daarvan gehou om Afrikaanse boeke te lees. Ma sê altyd dat ’n mens se woordeskat uitbrei deur te lees. Juffrou Nel het ook vandag vir ons gesê dat as ons baie lees, ons beter sal kan spel.

***14 Januarie 2023***

4 Vroeg die volgende oggend voor skool het Peet vir my gevra of hy nie my wiskundewerkboek kon leen nie. Hy wou my werk afskryf, aangesien hy die vorige dag nie sy huiswerk gedoen het nie. Toe ek by hom wou weet hoekom hy nie sy huiswerk gedoen het nie, het hy vir my gesê dat hy en twee vriende die vorige middag by die rivier gaan kleilat gooi het. Ek het geweier. Juffrou Nel was baie teleurgesteld in hom, aangesien hy nie sy wiskunde gedoen het nie. Sy was nog meer teleurgesteld in hom nadat Elisma vir juffrou gesê het dat Peet my huiswerk wou afskryf. Gevolglik moes hy die volgende week ***detensie*** sit. Peet het vir juffrou gesê dat hy jammer is en sy kop in skaamte laat sak.

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **Noem slegs EEN goeie karaktereienskap van juffrou Nel.** | (1) |
| **2.2** | **Gee EEN rede waarom die dogter en Elisma so goed oor die weg gekom het.** | (1) |
| **2.3** | **Watter voordele hou dit vir kinders in as hulle baie lees?** | (2) |
| **2.4** | **Verskaf die rede waarom Peet nie sy wiskundehuiswerk gedoen het nie.** | (1) |
| **2.5** | **Watter gevolge het dit vir Peet ingehou aangesien hy nie sy wiskundehuiswerk gedoen het nie?** | (1) |
| **2.6** | **Watter morele les leer ons uit die dagboekinskrywing van 14 Januarie 2023?** | (1) |
| **2.7** | **Verskaf EEN rede waarom jy sou sê dat die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n dagboek is.** | (1) |
| | **Totaal: 8** | **/8** |

**3 Inligtingteks:** Goggas

**Giftige goggas**

1 Die meeste van ons is maar bang vir spinnekoppe. Maar is dit regtig nodig om so bang te wees vir hierdie klein diertjies?

2 Spinnekoppe, moordbye, verlammingsbosluise en selfs muskiete word beskou as die grootste moordenaars in die natuur en is net so dodelik as wat hulle interessant is. Hierdie goggas maak die wêreld sommer ’n gevaarlike plek wat die mens nie altyd kan beheer nie.

**Die giftigste spinnekop ter wêreld**

3 Giftige goggas, veral spinnekoppe, kom oral in die wêreld voor. Australië is die tuiste van sommige van die wêreld se heel giftigste spinnekoppe. Die Sydney-tregterspinnekop is waarskynlik die heel giftigste spinnekop ter wêreld. Die mannetjies is ses maal so giftig as die wyfies en hulle is baie aggressief wanneer hulle gesteur word. Hierdie spinnekop se byt is pynlik en kan binne 15 minute die slagoffer se dood veroorsaak. Gelukkig is daar darem deesdae ’n teengif beskikbaar. Wanneer die slagoffer hierdie teenstof betyds kry, kan sy lewe gered word.

**Is alle spinnekoppe giftig?**

4 Alle spinnekoppe het gifkliere. Hulle spuit hierdie gif deur hulle giftande in hulle prooi in. Die gif verlam die prooi en los die organe op sodat die spinnekop dit kan opsuig. Gelukkig vir die mens is die meeste spinnekoppe nie giftig genoeg om vir die mens gevaar in te hou nie.

5 Die spreekwoord sê: *Liewer bang Jan as dooie Jan*. Wees dus maar versigtig wanneer jy ’n spinnekop teëkom. As jy nie weet met watter soort spinnekop jy te doen het nie, moet jy hom liewer uitlos. Dit kan dalk net ’n baie giftige spinnekop wees!

**3.1 Watter <u>giftige gogga</u> word hoofsaaklik hier bespreek?** (1)

**3.2 Hoe hou die tweede <u>sub-opskrif</u> verband met paragraaf 3?** (1)

**3.3 Watter <u>gevolge</u> kan dit vir die mens inhou, indien hy deur die Sydney-tregterspinnekop gebyt sou word en hy nie betyds die teengif vir sy gif kry nie?** (1)

**3.4 Verskaf EEN *rede* waarom die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n <u>inligtingteks</u> is.** (1)

**Totaal: 4** **/4**

**4 Onderhoud:** Onderhoud met Bobby Swanepoel

1 *’n Mens wil meer omtrent Bobby Swanepoel uitvind. Wel, vandag gaan ek om meer omtrent hierdie sanger uit te vind.*

2 Ons weet dat jy een van Suid-Afrika se gewildste sangers is. Geniet jy dit die meeste om voor ’n gehoor of tydens feeste op te tree?

3 Beslis tydens feeste. Nie slegs is die atmosfeer meer ontspanne daar nie, maar ’n mens maak ook baie vriende tydens só ’n fees. Om nou nie eers van al die sosaties en braaivleis te praat nie. Suid-Afrika is mos nou maar een maal bekend vir sy braaivleis en pap.

4 Ek verstaan jou vriendekring is redelik groot. Julle bring seker baie tyd saam deur?

5 Wel, nie almal is intieme vriende nie. Ek en slegs my beste vriende bring baie tyd langs die viswaters deur. Dan gesels ons gewoonlik oor sport.

6 Wanneer beskou jy iemand as ’n opregte vriend?

7 *Sy oë pen myne vas. Wat hy nou gaan sê, besef ek dra beslis gewig.*

8 Ek beskou ’n ware vriend as iemand wat altyd lojaal teenoor jou sal wees. Dit moet ook iemand wees met wie jy jou diepste geheime kan deel en jy weet dat dit net tussen julle twee sal bly. Ek beskou geleentheidsvriende slegs as kennisse.

9 Jy is ook blykbaar baie lief vir die see.

10 *Sy oë vonkel. Hulle praat behoorlik met jou.*

11 Beslis. Dis ook die rede waarom ek Strand toe verhuis het. Nie net om by die see te woon nie, maar die lewe is ook minder gejaagd hier as in Johannesburg. Daar is niks wat my meer plesier verskaf as om saam met my kinders op die strand te speel nie. Soms sit ek net op die rotse en tuur oor die see. My eerste treffer, “Seemeeu”, is hier op die rotse gebore.

12 Daar word beweer dat jy baie lief is vir honde.

13 *Daar verskyn ’n glimlag om sy mondhoeke. Dit wil voorkom of sy oë en gesigsuitdrukking ’n storie wil vertel.*

14 My honde is ook my kinders. Al wat honde vra, is liefde, kos en aandag. Volgens my is ’n hond jou beste vriend. Elke hond het sy eie karakter.

15 *Bobby Swanepoel is beslis nie net ’n goeie sanger nie, maar ook ’n gesinsman en diereliefhebber.*

**4.1** ***Met wie* word die bostaande onderhoud gevoer?** (1)
**4.2** **Verskaf slegs EEN rede waarom Bobby dit geniet om by feeste op te tree.** (1)
**4.3** **Oor watter karaktereienskappe moet ’n ware vriend volgens hom beskik?** (2)
**4.4** **Waarom sou jy sê dat die bostaande *leesteks* ’n voorbeeld van ’n onderhoud is?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**5 Artikel:** Water is lewe

*Fanie Viljoen*

1 Water is lewensbelangrik vir mense om te kan oorleef. Water help gemeenskappe om te ontwikkel op sosiale, ekonomiese en omgewingsgebied. ’n Mens kan amper sê water is goud werd.

2 Die Oranjerivier ontspring in die berge van Lesotho. Dit is hier, in die hartjie van die berge, waar die Lesotho Hoogland-Waterprojek geleë is. Die Lesotho Hoogland-Waterprojek is aangelê om water aan baie mense te voorsien. Hierdie projek is Afrika se grootste waterprojek en ook die grootste aaneenlopende konstruksiewerk op ons kontinent.

3 Dit is ongelooflik om die waterprojek te aanskou. Daar is natuurlike, skitterende water so ver as jou oog kan sien. Die natuurskoon is asemrowend. Gedurende die winter is die berge met sneeu bedek. ’n Prentjie wat onbeskryflik mooi is.

4 Hierdie waterprojek is meer as 50 jaar gelede bedink. Dit kon ’n goedkoop manier word om die natuurlike hulpbron, water, te gebruik. Dit kon tot voordeel van Suid-Afrika en Lesotho wees. Vandag voorsien die projek water aan die mense van Gauteng. Lesotho baat weer by die hidro-elektriese krag wat opgewek word. Lesotho kry ook ’n inkomste uit Suid-Afrika se waterverbruik. Die projek help met die ontwikkeling van die afgeleë, bergagtige streke van Lesotho.

5 Lesotho is ’n somerreënvalstreek. Dit kry gemiddeld 600 mm–1 000 mm reën per jaar.

6 Die fondasies van die waterprojek se damme is van basalt of sandsteen. Dit is ideaal omdat dit sterk is, min krake het en ook baie solied is. Water sak nie weg in die bodem van die damme nie.

7 Hierdie projek is waarlik ’n Afrika-suksesstorie, want dit wys dat twee lande saam kan werk om vooruit te gaan en te groei. Albei lande besef dat water lewe is.

**5.1 Hoe hou die titel verband met die eerste sin van *paragraaf* 1?** (1)

**5.2 Is die inhoud van paragrawe 1&2 geloofwaardig? Verskaf EEN rede.** (1)

**5.3 Watter voordeel hou hierdie waterprojek vir die mense van Gauteng in?** (1)

**5.4 Wat is die kerngedagte van die bostaande leesteks?** (1)

**Totaal: 4** **/4**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **Januarie 2023**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

**Nuusberig:** Skool plant bome

*Fanie Viljoen* *Kroongolf-Nuus*

1 Dit was gister Nasionale Boomplantdag. Laerskool Kroongolf het die dag gevier en tien nuwe bome by hul skool aangeplant. Die leerders was opgewonde oor hul bydrae tot natuurbewaring. Het hulle dit geniet? Beslis! Daarvan kan hul onderwysers getuig.

2 Vernon Arendse het gesê die bome sal eendag, wanneer sý kinders in die skool is, al groot wees. “As hulle so baie van boomklim hou soos ek, sal hulle elke pouse in die bome baljaar,” sê Vernon.

3 Nóg ’n leerder, Nathi Twala, is bekommerd oor al die bome wat mense afkap vir vuurmaakhout. “Later sal daar net oop kolle op ons aarde wees,” sê Nathi. “Wanneer dit reën, sal die grond see toe spoel.”

4 Nathi is reg. Erosie is ’n groot gevaar in KwaZulu-Natal. As erosie eers begin het, is dit moeilik om te keer. Indien mense bome wil aanplant, is dit nog nie te laat nie. Hulle kan dit steeds doen. Wees net versigtig en plant ’n inheemse boom. Uitheemse bome rig skade aan die natuur aan. Hulle gebruik ook soms meer water. Dit beroof die inheemse bome van water. As jy nie seker is of ’n boom inheems is nie, vra gerus die mense by ’n kwekery. Jy kan ook boeke oor bome of die internet raadpleeg.

5. “Dis tyd dat ons die natuur oppas!’’ het die onderwysers vir hul leerlinge gesê. “Ons moet geensins bome uitroei nie, maar eerder aanplant.”

**1 Skryf die onderstreepte sin in reëls 1&2 oor in die teenwoordige tyd.**
**2 Skryf die onderstreepte sin in reël 3 oor as ’n stelsin.**
**3 Verdeel die onderstreepte woord in reël 5 in klankgrepe.**
**4 Skryf slegs EEN hoofwerkwoord in reël 6 neer.**
**5 Verdeel die onderstreepte woord in reël 7 in lettergrepe.**
**6 Skryf die woord in reël 8 neer waar ons ’n tweeklank aantref.**
**7 Gee die verkleinwoord vir die onderstreepte woord in reël 8.**
**8 Rangskik die onderstreepte sin in reël 10 in alfabetiese volgorde.**
**9 Gee die antoniem vir die onderstreepte woord in reël 11.**
**10 Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 12.**
**11 Skryf die onderstreepte sin in reëls 13&14 oor in die verlede tyd.**
**12 Skryf die onderstreepte sin in reël 15 oor in die toekomende tyd.**
**13 Skryf die onderstreepte sin in reël 16 oor as ’n vraagsin.**
**14 Skryf die soortnaamwoord in reël 17 neer.**
**15 Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 17.**

**Totaal: 15** **/15**

| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **Januarie 2023** |
|---|---|---|
| **Vraestel 3** | **Skryf** | |

**Skryf 'n legende van 120–140 woorde oor EEN van die volgende.**

So beland hy in die mag van die kwaad. / Regverdigheid seëvier.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Emosies, gebeure, chronologie en morele les: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe en -ontwikkeling: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, ruimte, beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**OF**

**Skryf 'n verhalende opstel van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.**

Ons sit vasgekeer op Tafelberg. / My beste vriend verraai my. / Stokkiesdraai.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Emosies, gebeure, chronologie, klimaks en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Tyd en ruimte: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordeskat, beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n nuusberig van 60–80 woorde oor EEN van die volgende.**

Skelm vasgetrek. / Liggaam in sloot gevind. / Hond val inbreker aan. / Baba word ontvoer.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Opskrif, inleidende paragraaf en inhoud: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, inligting en nuuswaardig: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**OF**

**Skryf 'n artikel van 60–80 woorde oor EEN van die volgende.**

Kunstefeeste. / Die noodsaaklikheid van oefening en genoegsame slaap. /
Drie wenke om gesonder te lewe. / My nagmerrie in China. / Heimwee na Suid-Afrika.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Opskrif, inleidende paragraaf, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, inligting en nuuswaardig: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Memorandum**

Vraestel 1 — Afdeling B — Luister en begrip

**Kortverhaal:** Waarom is party mense tog so wreed

1 Die seun se ma deel hom daardie middag mee dat sy hondjie die vorige dag vergiftig is. (1)

2 Die seun se hondjie is vergiftig. /
Die seun het sy hondjie baie liefgehad. (1)

3.1 Liefde.
3.2 Verlange.
3.3 Hartseer. **(slegs TWEE)** (2)

4 In die agterplaas by Spikkels se graf. (1)

Vraestel 2 — Afdeling A — Leesbegrip

**1 Die verhalende opstel:** Die brullende leeu

1.1 Karakters word hier aangetref. / Karakters tree handelend op. /
Die plek waar die verhaal hom afspeel, word aangedui. /
Die tyd wanneer die verhaal hom afspeel, word aangedui. /
Gebeure lei tot ’n klimaks. **(slegs EEN)** (1)

1.2 Dit verwys na ’n blikbeker koffie. (1)

1.3 Hulle hoor ’n leeu brul. / ’n Brullende leeu maak sy verskyning. **(slegs EEN)** (1)

1.4 Die emosie van vrees. (1)

1.5.1 Ontspannend
Hulle sit ontspanne om die kampvuur.

1.5.2 Vreesaanjaend
Hulle skrik vir die leeu wat brul en hardloop tent toe. (2)

1.6 Ja. Hulle ***is*** bang dat die leeu hulle ***binnekort*** gaan vang en opeet. /
Nee. Die handelinge volg mekaar chronologies op. **(slegs EEN)** (1)

1.7 Ja. Aanvanklik was die kinders ontspanne, ✔ maar nadat hulle die leeu hoor brul het, was hulle bang. ✔ (2)

**2 Dagboek:** My eerste drie dae in graad 4

2.1 Sy was saggeaard / vriendelik / geduldig. **(slegs EEN)** (1)

2.2.1 Albei het aan atletiek en swem deelgeneem.
2.2.2 Albei was versot op skaak.
2.2.3 Albei was lief daarvoor om Afrikaanse boeke te lees. **(slegs EEN)** (1)

2.3.1 ’n Mens se woordeskat brei uit.
2.3.2 Jy kan beter spel. (2)

2.4 Hy en twee vriende het die vorige middag kleilat by die rivier gegooi. (1)
2.5 Hy moes die volgende week ***detensie*** sit. (1)
2.6 Wees eerlik. / Doen jou huiswerk gereeld. (1)
2.7 Die gebeure van elke dag word aangeteken. (1)

**3 Inligtingteks:** Goggas

3.1 Die spinnekop word hier bespreek. (1)
3.2 Die Sydney-tregterspinnekop is die giftigste spinnekop ter wêreld. (1)
3.3 Dit kan sy dood beteken. / Hy kan doodgaan. (1)

3.4.1 Slegs feite word weergegee.
3.4.2 Feite word nie bevraagteken nie.
3.4.3 Die inligting is wetenskaplik van aard.
3.4.4 Eie menings word nie gegee nie. **(slegs EEN)** (1)
**(enige ander aanvaarbare antwoord)**

**4 Onderhoud:** Onderhoud met Bobby Swanepoel

4.1 Die onderhoud word met Bobby Swanepoel gevoer. (1)

4.2.1 Hy maak nuwe vriende.
4.2.2 Die atmosfeer is ontspanne.
4.2.3 Hy geniet die sosaties, braaivleis en pap wat hy daar kan koop. **(slegs EEN)** (1)

4.3.1 Hy moet lojaal wees.
4.3.2 Dit moet iemand wees met wie jy jou diepste geheime kan deel en jy weet dat dit tussen julle twee sal bly. (2)

4.4 Dialoog word hier aangetref. /
Iemand vra ***vrae*** en Bobby Swanepoel beantwoord dit.
**(enige ander aanvaarbare antwoord)** (1)

**5 Artikel:** Water is lewe

5.1 Water is lewensbelangrik vir die mens om te kan oorleef. (1)

5.2.1 Ja. Water is belangrik om te kan oorleef.
5.2.2 Die Lesotho Hoogland-Waterprojek is aangelê om water aan die mens te voorsien. (1)

5.3 Dit voorsien water aan die mense van Gauteng. (1)
5.4 Die Lesotho Hoogland-Waterprojek is aangelê om water aan baie mense te voorsien. (1)

Vraestel 2 Afdeling B Taal

**Nuusberig:** Skool plant bome

**1** ***Die teenwoordige tyd***
Laerskool Kroongolf vier die dag en plant tien nuwe bome by hul skool aan. (1)

**2** ***Stelsin***
Hulle het dit geniet. (1)

**3** ***Klankgrepe***
Hu/le (1)

**4** ***Hoofwerkwoord***
Baljaar / sê **(slegs EEN)** (1)

**5** ***Lettergrepe***
Be/kom/merd (1)

**6** ***Tweeklank***
Nathi is bekommerd oor al die bome wat mense afkap vir vuurmaakhout. (1)

**7** ***Verkleinwoord***
"Later sal daar net oop kolletjies op die aarde wees," sê Nathi. (1)

**8** ***Alfabetiese volgorde***
Erosie gevaar groot in is KwaZulu-Natal 'n (1)

**9** ***Antoniem***
As erosie eers begin het, is dit maklik om te keer. (1)

**10** ***Meervoud***
Wees net versigtig en plant inheemse bome. (1)

**11** ***Verlede tyd***
Dit het die inheemse bome van water beroof. (1)

**12** ***Toekomende tyd***
Jy sal ook boeke oor bome of die internet kan raadpleeg. (1)

**13** ***Die vraagsin***
Is dit tyd dat ons die natuur oppas? (1)

**14** ***Die soortnaamwoord***
Ons moet geensins bome uitroei nie, maar eerder aanplant. (1)

**15** ***Sinoniem***

Ons moet onder geen omstandighede / glad nie / hoegenaamd nie bome uitroei nie. (1)

**Totaal: 15**


**Naslaanbronne** **Januarie 2023**

**Storie:** Boki se eerste dag in graad 4
**Almal Verstaan Afrikaans** *Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk, 2012*
*R Ferreira, M van den Heever*

**Kortverhaal:** Waarom is party mense tog so wreed?
***Eugene van der Westhuizen***

**Verhalende opstel:** Die brullende leeu
***Eugene van der Westhuizen***

**Dagboek:** My eerste drie dae in graad 4
**Almal Verstaan Afrikaans** *Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk, 2012*
*R Ferreira, M van den Heever*

**Inligtingteks:** Goggas
**Platinum Afrikaans Huistaal** *Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012*
*J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning*
*A le Roux, W Louw, M Mihai, J van Lill, R van Oort, R van Rooy*

**Onderhoud:** Onderhoud met Bobby Swanepoel
***Eugene van der Westhuizen***

**Artikel:** Water is lewe
**Kroonsteen-reeks, Liplekker leesdinge** *Best Books, 2009*
*Fanie Viljoen, Marita van Aswegen*

**Nuusberig:** Skool plant bome
**Kroonsteen-reeks, Liplekker leesdinge** *Best Books, 2009*
*Fanie Viljoen, Marita van Aswegen*